

Hoofstuk van die dag: Psalm 30

> *Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer. (vers 6)*

Wat ’n hoopvolle psalm! Deur swaarkry en nood verseker hierdie psalm ons: God is ’n God wat hoor (vers 3). Daarom roep Dawid

ons almal op om tot sy eer te sing en sy heilige Naam te loof (vers 5).

Hier in die inperkingstyd moet ons hierdie psalm wéér en wéér lees, sodat ons dit nie sal vergeet nie. Vandag is daar nog trane, maar môre, oormôre sal ons weer lag en terugkyk op hierdie tyd en weet: God het ons hierdeur gedra.

Iets wat my bybly, is Dawid se vraag in vers 10: “Watter voordeel is daar in my ondergang … Kan stof U loof?” Die vraag waarvoor die psalm ons plaas, is die volgende: Is mý lof, mý lewe voor die Here en met ander, so besonders dat dit ’n verskil sal maak aan die Koninkryk as ek nie meer hier is nie? Dat God sal omgee as ek wegval? Is my lewe tot voordeel vir God? Is joune?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026